

	<h2>Geloftevolke Koördineringskomitee</h2> <p>www.volksvergadering.co.za</p>	<p>Vonkpos: vrkomitee@gmail.com Telefoon: 082 455 4303 Faks: 086 619 2695</p>
	<p>Posbus 17305 Bainsvlei 9338</p> 	

AGTSTE VOLKSVERGADERING VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA

Kennis geskied hiermee van die 8ste Volksvergadering van die Geloftevolke van Suid-Afrika, D.V. 17-18 September 2016 te Orania Gemeenskapsaal.

TEMA:

Mat. 6:33 Maar soek eers die koninkryk van GOD en SY geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir jul bygevoeg word.

Die volgende sake sal aan die orde wees:

1. Oorkoming van die kerklike aanslag op die kulturele waardes van die Geloftevolke.
2. Verskille tussen Teokrasie en Demokrasie aan die hand van die Bybel.
3. Voorlegging van die profesieë volgens Openbaring 12 en 13.
4. Die hertoewyding tot die onderhouding van die 1939 Broederskap ooreenkoms soos voorgehou aan die volke deur Totius en soos bekragtig deur die instemming van 70,000 volksgenote te Voortrekkerhoogte.
5. Die morele onderrig en lewensoriëntering van ons kinders in skole en ouers se verantwoordelikheid daarteenoor.
6. Die daad van die engele tydens die slag van Bloedrivier.
7. Skuiling by die Allerhoogste in die dae van benoudheid.

Sondagoggend: Verootmoedigingsdiens.

Neem asb. ook kennis van die handelinge van die afgelope Konsilie van Holfontein – sien: http://www.volksvergadering.co.za/Documents/2016060343627_item_2016-Handelinge-van-die-Konsilie-van-Holfontein.pdf

Met die lees van die Boek Ester ontvou die verhaal van Hamman wat hom in sy aansien verlustig het en neergesien het op Mórdegai, wat Hamman nie gevrees het nie. In sy woede laat bou Hamman 'n galg vir Mórdegai waaraan hy self uiteindelik opgehang is. Sy listige plan was het uiteindelik gelei tot sy eie ondergang.

Vandag is ons as Blanke Protestantse Christen volke byna in dieselfde situasie as daardie Judeërs in die dae van Mórdegai. Die hedendaagse Hamman-alliansie is daarop uit om ons as blanke Protestante uit te moor soos verwoord in hul revolusionêre liedke. Mórdegai het geglo dat hy en sy volke 'n bestaanreg het. Hy het nie die knie voor Hamman gebuig nie, en saam met Ester vir hul volke ingetree by God Almagtig. Dit is elke volksgenoot se plig om die voorbeeld van Mórdegai en Ester te volg en vir u volke in te tree by die HERE [JHWH] in vas en gebed en daad. Lees asb van hierdie geskiedenis in die Boek Ester.

Die Geloftevolke is daardie volke wat gebonde is aan ons hemelse Vader by wyse van die Skrifte en gekenmerk word deur ons geskiedenis, vernaamlik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, te wete:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880]. Ons is vanaf die begin Geloftevolke!

Besoek gerus die webwerf by www.volksvergadering.co.za